Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Junie 2010

Jeugbediening en kerkgroei

Lees binne...

- **Jeugbediening – die pad vorentoe** – 1
- **Hoe kan die kerk groei?** – 3
- **Nadenke oor spiritualiteit** – 6
- **Kom ons maak ruimte vir mekaar in die Kerk** – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Jeugbediening – die pad vorentoe (Ds Marthinus van Staden)
- Bl 2 **Van die subredakteur, ds André Ungerer:**
  Die werking van die Heilige Gees
  Wenner van Leserskompetisie 9 (April 2010)
- Bl 3 **Kerk en wêreld**
  Hoe kan die kerk groei? (Ds Rudi Rust)
  Wat is kerkgroei? (Di Johnny Young en Louis Venter)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Kuruman-kombinasie goed op dreef (Ds Leslie Kern)
  Huldeblyk: Manie Dreyer – gesinsmens en kerkmens (Ds Anton Swanepoel)
  Toerustingskursus vir Ouderlinge
  Beroepe aanvaar
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
  Nadenke oor spriritualiteit (Ds Petri van Rooyen)
  Jeugbediening – 'n nuwe visie (Ds Marthinus van Staden)
  Kom ons maak ruimte vir mekaar in die Kerk (Ds Hein Delport)
- **Agterblad Oordenking**
  Hemelse seëninge (Ds Piet van Wyk)

Die werking van die Heilige Gees

Ds André Ungerer, subredakteur, skryf in die redaksionele berig dat die boek Handelinge die werking van die Heilige Gees op skouspelagtige wyse beskryf. Die werking word verder gesien in die invloed wat Christene in die eerste drie eeue uitgeoefen het – ver meer as wat hul getalle geregverdig het.

In hierdie periode het hul getalle van 120 met Pinkster tot 6,3 miljoen in die jaar 300 nC gegroei, terwyl daar ongeveer 60 miljoen mense in die Romeinse Ryk was. Die getal Christene het dus 'n skamele 9,9% van die bevolking uitgemaak. Tog het hierdie klein getal soveel invloed gehad dat Konstantyn in 313 nC die Christelike kerk as wettig erken het. Teen 381 is die Christendom as staatsgodsdiens verklaar.

Die opdrag in Handelinge 1: 8 het momentum gekry en die evangelie het versprei vanaf Jerusalem, Judea en Samaria op weg na die uithoeke van die wêreld.

Om rekenskap te gee van die omvangryke werking van die Heilige Gees oor eeue heen, is 'n onbegonne taak omdat daar soveel nuanses van sy werking is wat 'n mens gewoon nie raaksien of kan bedink nie. Jesus se verduideliking aan Nikodemus waar die Gees met die wind vergelyk word, verdiep die misterie: *Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie.* Só word die Gees se werking sigbaar in die uithoeke van die wêreld – en dit vul ons met diepe verwondering!

****

Jeugbediening – die pad vorentoe

Effektiewe jeugbediening is een van die grootste uitdagings in ons tyd vir die Hervormde Kerk en vir 'n wye spektrum van Christelike kerke. Ds Marthinus van Staden skryf dat die veranderde tydgees nie by die gelowige jongmense en kinders verbygegaan het nie. Wie ook al by hul vorming betrokke wil wees, moet rekening hou met 'n nuwe werklikheid.

’n Terugblik op die sinodale gedagtegang oor jeugbediening oor die afgelope 20 jaar toon dat daar deur die jare verskillende interpretasies en insigte in die Kerk bestaan het. Hierdie verskillende insigte het wyd uiteenlopende praktyke in gemeentes tot gevolg gehad. Die onderskeid tussen *kategese* as formeel en verpligtend, en *jeugwerk* as opsioneel, is ’n histories oorgeërfte verstaan wat vandag nog in baie gemeentes gehandhaaf word. Daar is ook nie eenduidigheid oor die betekenis van en verband tussen terme soos *jeugwerk*, *kategese*, *jeugbediening* en *gesinsbediening* nie. Die definisies van *jeugwerk* en *kategese* is deur die tyd noemenswaardig gewysig, alhoewel dit nie in die praktyk weerspieël is nie.

Die Werkspan vir Jeugbediening het in Augustus 2009 ’n beraad gehou en ’n strategie saamgestel vir die pad vorentoe. Die volgende is vertrekpunte vir jeugbediening in die praktyk:

- Die gesin is die kleinste verskyningsvorm van die gemeente.
- Die kind, as lid van enige vorm van ’n gesin, is volwaardig deel van ’n gemeente.
- Die gemeente aanvaar ’n kind as volwaardige lid.
- Die gemeente doen moeite om die kind te integreer by alle bedieninge.
- Kinders word normaalweg nie van volwassenes geïsoleer tydens die erediens nie.
- Hou rekening met die begripsvermoë van die jeug in die inkleding van die totale erediens (prediking ingesluit).
- Aparte kindereredienste kan van tyd tot tyd gehou word deur persone wat daarvoor toegerus is.
- Aflegging van *belydenis van geloof* is nie ’n eindpunt nie, maar is deel van ’n voortgaande proses.
- Dit is die Kerk se verantwoordelikheid om te sorg dat die jeug deurlopend by volgende gemeentes inskakel.
- Die ouers/verantwoordelike persone bly primêr verantwoordelik vir jeugbediening.

****

Kerkgroei

Ds Rudi Rust vra: Hoe kan die kerk groei? Di Johnny Young en Louis Venter vra: Wat is kerkgroei?

In albei artikels word die standpunt gestel dat om ’n groter inkomste, groter kerkgebou of bates te hê, of meer aksies in die gemeente, nie noodwendig groei is nie. Die vraag is of daar verdieping in ons verhouding met God is, of ons groei in onderlinge verhoudings, en of ons ’n verskil in die wêreld maak.

****

Toerustingskursus vir Ouderlinge

Die hersiene weergawe (2010) van die Toerustingskursus vir Ouderlinge is nou beskikbaar. Dit is opgestel deur die Komitee vir Presbiteraat van die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat, en word in samewerking met die Hervormde Teologiese Kollege uitgegee.

Die kursus kan elektronies deur mev Betsie Brits aan gemeentes gestuur word. Kontak haar by **betsie.brits@up.ac.za**, of bestel die gedrukte handleiding van mev Susann van Zyl by **sentik@nhk.co.za** of 012 322 8885 x291. Die koste is R25 per hardekopie eksemplaar (posgeld uitgesluit).